## IN MEMORIAM

### PROF. D. J. VAN ROOY

Dit was die voorreg van die Redaksie om by twee vorige geleenthede 'n waarderingsgedagte oor prof. D. J. van Rooy uit te spreek. Maar toe was hy nog by ons, hoewel hy sekere gevorderde stadia bereik het. Dit is met 'n gevoel van smart dat hierdie derde skrywe geskied. Volgens ons berekening was daar nog soveel vir hom om te verrig. In die raadsplan van God is sy aardse taak afgehandel.

Hoe skoon en inspirerend is sy nagedagtenis! Stewig soos sy eie persoonlikheid vertoon die werke van sy gees. Sy veelsydige talente het groot winste opgelewer vir volk, kerk en maatskappy. Aan die Universiteit wat hy met toewyding gedien het en op die talle terreine waarop hy beweeg het, word sy wyse leiding en groot aandeel vergestalt in velerlei vorm wat die tyd sal verduur.

„Die tyd sal verduur..." Ons besef dit is 'n menslikbetreklike begrip, maar tog 'n menslike troosgedagte. Hierdie tydskrif is ook een van die monumente op die ererol waarvan die naam van prof. D. J. van Rooy in goue letters verskyn. Hy was een van die oorspronklike stigters en redakteurs daarvan.

Laat ons dan dankbaar wees vir so 'n persoon in ons geledere. Ons bied ook ons hartlike meelewing aan mev. Van Rooy en haar familiekring.